

Soweto: 50 jaar later

DIT is vandeesmaand 50 jaar sedert die Soweto-opstande in 1976 plaasgevind het. Ter herdenking van die tragiese gebeure het die Afrikaanse Taalmuseum en -monument (ATM) - in samewerking met die Afrikaanse Onderwysnetwerk (AON), Gautengse onderwysdepartement, opvoedkundige instellings en Hector Pieterse-museum – 'n gratis jeugprogram op 26 Junie en interaktiewe paneelgesprek op 27 Junie in Suid-Afrika se bekendste township aangebied. Die sprekers vir 'Versoen ons verlede, hede en toekoms' was onder andere Antoinette Sithole, suster van die vermoorde Hector Pieterse, Zenzile Khoisan, Prince Dube, dr Geraldine Frieslaar, Daan Potgieter asook leerders. Die doel was om 'n groter liefde, begrip en waardering vir Afrikaans, ander inheemse tale en veeltaligheid te bewerkstellig. Op die volgende bladsye verskyn foto's van die geleentheid asook artikels oor 1976 en vanjaar se historiese dialoog. Another article, in English, appears on the second-last page.



Daar was leerders wat gesterf het en heelwat het ernstige beserings opgedoen. Hector Pieterse en Hastings Ndlovu kan sekerlik gereken word as die bekendste leerders wat met die Soweto-opstande gesterf het.

'n Foto geneem deur Sam Nzima, destydse fotojoernalis van die koerant The World, waarin 'n bebloede Pieterse gedra word terwyl sy suster, Antoinette, ontsteld langsaan saamhardloop, het in koerante en tydskrifte regoor die wêreld verskyn. Hierdie foto het gehelp om die realiteit van apartheid aan die groot klok te hang. Die lot van Ndlovu, wat gereken word as die eerste leerder wat raakgeskiet is en gesterf het, asook vele ander leerders is egter nie op kamera vasgevang nie.

Die reaksie op die jong kinders wat gesterf het, was heftig en het vinnig oorgegaan in gewelddadige verset wat deur die hele Soweto versprei het.

'n Gemeenskap het in opstand gekom. 'n Spreekwoordelike hel het daardie dag in Soweto losgebreek. Tussendeur die woelinge was daar ook mense wat nie aanvanklik by die protes betrokke was nie, maar tog wel later betrek is en soms ook met noodlottige gevolge. Geboue is geplunder of aan die brand gestee. In die daaropvolgende dae, weke en maande sou hierdie opstand regoor



Suid-Afrika versprei. In die eerste vier maande ná 16 Junie het sowat 160 gemeenskappe hul woede en frustrasie getoon. (Shubane, 2022:521)

Aanloop tot die Soweto-opstand

Die Soweto-opstand word wyd gereken as die begin van die einde van apartheid. Nie net het die gebeurtenisse op 16 Junie 1976 uitgekling tot ver buite Soweto nie, maar die ongelukkigheid wat dit ontketen het en gepaardgaande protes en verset wat daarop gevolg het, sou uiteindelik nooit regtig ophou voor die afskaffing van apartheid 15 jaar later nie.

In 1974 is 'n dekreet uitgevaardig betreffende Afrikaans as onderrigtaal vir swart leerders. Dit het vereis dat swart leerders in die helfte van hul vakke in Afrikaans onderrig moes word en die ander helfte in Engels.

Die regverdiging van die apartheidstaat was dat beide Engels en Afrikaans amptelike tale is en swart mense eendag met hul wit werkgewers in beide Engels én Afrikaans moet kan kommunikeer.

Hierdie beleid was egter grootliks verwerp deur beide swart ouers en kinders, wat gevoel het dat hulle self moet kan bepaal wat die onderrigtaal moet wees. Meeste ouers en kinders was ten gunste van Engels as onderrigtaal en boonop het 'n soortgelyke beleid nie in wit skole gegeld nie.

Dat baie leerders en onderwysers nie Afrikaans geken het nie, en dat onderrig daarin ondoeltreffend sou wees, is nie in ag geneem nie (Carstens & Raidt, 2019:642). Die staat het die ongelukkigheid hieroor onderskat en was heeltemal onvoorbereid op die reaksie wat dit sou ontlok.

Op 3 Januarie 1975 het die African Teachers' Association of South Africa (ATASA) 'n memorandum aan die Departement van Bantoe-onderwys voorgelê waarin hulle protes aangeteken het teen Afrikaans en Engels wat op 'n 50:50-basis gebruik moes word. In die maande voor 16 Junie 1976 begin die verset teen hierdie beleid: By sommige skole in Soweto weier leerders om klas by te woon of dreig om Afrikaanse handboeke tot niet te maak.





Hoewel die verpligte gebruik van Afrikaans as onderrigmedium in swart skole een van die belangrikste redes vir die Soweto-opstand was, moet die opstand ook beskou word in die lig van apartheid en wetgewing soos die Wet op Bantoe-onderwys wat in 1954 ingestel is. Daar was dus al 'n paar dekades lank antagonisme in Soweto en elders teenoor hierdie onderwysstelsel (en apartheid in die algemeen) wat swart mense benadeel het.

Obed Kunene, destydse redakteur van die koerant *Ilanga*, het die oorsake en konteks van die Soweto-opstand as volg verwoord: "Swartes vernietig nie fasiliteite nie... Hulle vernietig simbole van die hele stelsel wat wittes vir hulle bedink het... paswette met hul afstootlike uitwerking, Bantoe-onderwys, werkreservering, ongelyke betaling vir dieselfde werk, geen verblyfsekerheid nie, geen grondbesitregte nie, swak lewensomstandighede, trekarbeid, onbillike verdeling van die land se rykdom, en 'n ontkenning van die demokratiese reg op besluitneming. Dit is 'n stelsel wat die samehang van die swart samelewing feitlik vernietig het, veral in die stedelike gebiede. Dit word feitlik patologies verag, verwens, verafsku en gehaat." (Shubane, 2022:521)



Taalhoudings en die rol van taal

In 'n studie oor taalhoudings uit 1975, waarin swart mense regoor Suid-Afrika gevra is oor hulle gebruik van Afrikaans en Engels, het Schuring (1975, soos in Dube, 1992:21) die volgende bevind:

Engels was meer gewild as 'n medium van onderrig op skool en Afrikaans is verkies as taalvak eerder as onderrigmedium. Verder was Engels ook verkies deur die hoër gekwalifiseerde en stedelike swart mense. Daarenteen het Afrikaans weer 'n belangrike rol vir laer gekwalifiseerde, landelike swart mense gespeel, veral betreffende kontak met wit mense (wat gewoonlik op die platteland Afrikaanssprekend was). Engels het dus meer prestige gehad en was die taal van aspirasie, waar Afrikaans meer van 'n praktiese waarde gehad het (Schuring, 1975, soos in Dube, 1992:21).

Maar buiten vir die onder meer praktiese waarde van die taal vir swart sprekers, is 'n negatiewe houding teenoor Afrikaans ook in die hand gewerk deur die diskriminerende en onderdrukkende apartheidstaat en -wetgewing. Carstens en Raidt (2019:639) wys daarop dat reeds voor 1976 daar stigma rondom (sprekers van) Afrikaans ontwikkel het, omdat dit die taal is waarin apartheid kragdadig afgedwing is.

Die Soweto-opstande bring egter 'n dramatiese wending in die positiewe (al dan nie) persepsies van Afrikaans. Carstens en Raidt (2019:638) beskryf die Soweto-opstand as "een van die mees traumatiese gebeure in die geskiedenis van Afrikaans": "Hierdeur is 'n persepsie gevestig dat Afrikaans Soweto laat brand het, dat Afrikaans die oorsaak was van die dood van kinders. Dit is wel ook duidelik dat met Soweto 1976 'n ander proses aan die gang gesit is, een wat sou lei tot die

latere ineenstort van die apartheidsbedeling." (Carstens & Raidt, 2019:639)

"It was not a protest against Afrikaans. Afrikaans was already part of the curriculum. It was the extension of the oppressor's language to more school subjects that became the repressive straw that broke the struggling camel's back." (Jansen, 2016:17, in Carstens en Raidt, 2019:640)

Dat die Soweto-opstande nie net 'n protes teen Afrikaans was nie, word ook geïllustreer deur die reaksie daarop in die Kaap. Volgens Shubane (2022:522) was Kaapstad naas Soweto die middelpunt van die opstand. Daar was groot betogings in Gugulethu, Langa en Nyanga. Ook bruin leerders en universiteitstudente, veral by die Universiteit van Wes-Kaapland, het betoog.

Hier het Afrikaans ook 'n unieke rol





gespeel. Waar Afrikaans enersyds beskou is as “die taal van die onderdrukker”, was dit andersyds ook die taal van bevryding, ’n taal waarin protes en verset kon plaasvind.

Hieroor sê Ikey van de Rheede in 1983: “Die Afrikaans van die statutêr geklassifiseerde Kleurling het die Afrikaans geword waarin hewig protes aangeteken word teen apartheidstrukture: dit het die Afrikaans geword waarin uiting gegee word aan lyding as gevolg van rassediskriminasie; dit het die Afrikaans geword waarin politieke krisisse georganiseer is. Ja, die Afrikaans van die ‘Kleurling’ het ’n nuwe semantiese inhoud gekry. Dit het het bevrydingsafrikaans geword ... Dit het werklik Afrikataal geword.” (Van de Rheede, 1983:32—33, soos in Du Plessis, 1992:102)

Hoewel kennis van Afrikaans in Soweto vandag grootliks beperk is tot ouer generasies, leef dit tog voort op interessante maniere. Sedert die ontstaan van Soweto (kort vir “SOuth WEstern TOwnship”) was daar nog altyd verskillende tale gepraat. Verskillende Afrikatale word vandag nog daar gepraat, waarvan die grootse Zoeloe is.



Buiten vir die standaard Afrikatale wat in Soweto gepraat word, is daar ook tale soos Iscamtho, Flaaitaal en Tsotsitaal, wat getuig van taalkundige, politieke en etniese verskille (deur die apartheidregering opgedring en in stand gehou) wat oorbrug is (Ntshangase, 2002).

By die laasgenoemde tale, is heelwat woordeskat van hierdie tale uit Afrikaans ontleen. Maar jong inwoners leer ook steeds die taal, danksy byvoorbeeld die ATKV se ‘Afrikaans vir Almal’-projek in Soweto wat klasse in die omgewing onder leiding van Suzie Matlhola aanbied. – **Samuel Minnaar**

Bronne:

- Carstens, W.A.M. & Raidt, E.H. 2019. Die Storie van Afrikaans: uit Europa en van Afrika – Biografie van ’n taal. Pretoria: Protea Boekhuis
- Dube, M.M.R. 1992. Language attitudes in Soweto — the place of the indigenous languages. Ongepubliseerde meestersverhandeling. Soweto: Vista-universiteit.
- Du Plessis, T. 1992. Veranderende opvattinge rondom Afrikaans sedert die sewentigerjare, in V.N. Webb (red.) Afrikaans ná Apartheid. J.L. van Schaik, bl. 91–115.
- Ntshangase, D.K. 2002. Language and language practices in Soweto, in R. Mesthrie (red.) Language in South Africa. Cambridge: Cambridge University Press, bl. 407–416.
- Shubane, K. 2022. Hoofstuk Veertien: Op soek na ’n nuwe orde, in H. Giliomee, B. Mbenga & B. Nasson (reds.) Nuwe Geskiedenis van Suid-Afrika. Kaapstad: Tafelberg, bl. 498–534.
- Terblanché, E. 1989. ’n Ontleding van die taalpolitiek van Afrikaanse meningsvormers van 1976 tot 1986. Ongepubliseerde meestersverhandeling. Bloemfontein: Universiteit van die Oranje Vrystaat.

10 FIRST NATION NEWS

Versoening

Julie 2026



Taalmonument bou brûe van versoening in Soweto

Die Afrikaanse Taalmuseum en -monument (ATM) en die Hector Pieterse Museum het tydens die herdenking van die 16 Junie 1976-jeugopstand 'n betekenisvolle paneelgesprek by die Hector Pieterse Gedenkterrein aangebied wat op versoening, genesing en die toekoms van Afrikaans gefokus het.

Die geleentheid het teruggekyk op die tragiese gebeure van 1976, toe swart skoolleerlinge in opstand gekom het teen die apartheidregering se afdwinging van Afrikaans as onderrigmedium.

Terselfdertyd is daar besin oor hoe Afrikaans vandag 'n positiewe rol kan speel in nasiebou, versoening, erfenisbewaring, kulturele ontwikkeling en meertaligheid.

Voor die aanvang van die gesprek was daar "n hartroerende toneel toe Antoinette Sithole, suster van Hector Pieterse, saam met verteenwoordigers van die ATM en die Hector Pieterse Museum 'n krans by die monument gelê ter nagedagtenis aan die jongmense wat hul lewens tydens die 1976-opstand verloor het.

Die program is geopen deur Jacelyn Scott, voorsitter van die ATM-raad, wat die gehoor herinner het aan die woorde van Tsietsi Mashinini, die leier van die Soweto-opstand.

Volgens haar het Mashinini beklemtoon dat die jeug nie teen Afrikaans as taal in opstand gekom het nie, maar teen die onregverdige afdwinging daarvan as onderrigmedium.

Scott het die rol van jongmense in die behoud en ontwikkeling van Afrikaans beklemtoon. Sy het gesê, "Afrikaans leef in die klaskamer en die toekoms van Afrikaans is in die hande van die jeug. Mag julle die toekoms skep vir ons land en vir Afrikaans," het Scott gesê.

Die ATM se uitreik na Soweto is ondersteun deur die Departement van Sport, Kuns en Kultuur, die Nasionale Erfenisraad, Iziko Museums en ander organisasies wat by taal- en erfenisontwikkeling betrokke is.

Die Afrikaanse Taalraad (ATR) het sy steun vir die initiatief uitgespreek en gesê die gesprek het die geleentheid geskep om eerlik te besin oor taal, versoening, meertaligheid en die plek van Afrikaans in 'n demokratiese Suid-Afrika.

Volgens die ATR herinner sulke gesprekke ons daaraan dat taal nie net die verlede weerspieël nie, maar ook brûe na 'n gedeelde toekoms kan bou.

ATM-direkteur Michael Jonas het tydens die gesprek die geskiedenis en ontwikkeling van Afrikaans bespreek en beklemtoon dat die taal as een van Suid-Afrika se inheemse tale erken behoort te word. Jonas is sedert 1 Junie 2016 die hoof-uitvoerende beaampte van die Afrikaanse Taalmuseum en -monument.

Hy het verwys na die rol van apartheidsbeleid en historiese figure soos Hendrik Verwoerd, wie se beleid tot frustrasie en spanning gelei het, wat destyds die land verdeel het.

"Afrikaans het ontwikkel as 'n vermenging van tale. Dit het Nederlandse wortels, maar het in Afrika ontwikkel," het Jonas gesê.

Hy het bygevoeg dat gesprekke soos dié in Soweto deel vorm van 'n noodsaaklike proses om die historiese trauma rondom Afrikaans en die land se verlede aan te spreek.

Antoinette Sithole, wat as 'n historikus en gids verbonde is aan die Hector Pieterse Gedenkterrein en -Museum, het gesê haar werk as historikus is gewortel in die oortuiging dat onderwys die uiteindelelike instrument vir bevryding is.

Sy het het haar persoonlike ervaring van die gebeure van 16 Junie 1976 gedeel.

"In die wêreld word ek dikwels herken as die meisie in die foto – die een wat langs Mbuyisa Makhubo hardloop, terwyl hy my sterwende broer, Hector Pieterse, dra.

Maar agter daardie vasgevangene oomblik van lyding is 'n leeftyd van ervaring en 'n verbintenis om te verseker dat die prys wat op 16 Junie 1976 betaal is, nie tevergeefs was nie," het sy gesê.

Sy het verduidelik dat leerlinge reeds in 1975 ingelig is dat vakke soos Wiskunde en Biologie voortaan in Afrikaans aangebied sou word.

"Ons het besluit om die beleid teen te staan en plakkaat gemaak waarop 'Weg met Afrikaans' en 'Hel toe met Afrikaans' geskryf was," het Sithole vertel.

Sy het die gebeure van die oggend van 16 Junie herroep toe duisende leerlinge in Orlando byeengekom het.

"Skielik het daar 'n skoot afgegaan. Ek het my

jonger broer aan die ander kant van die pad gesien. 'n Man met iemand in sy arms het verbygehardloop en toe sien ek my broer se skoene."

Volgens Sithole het sy die man gevra waarheen hy haar broer neem. "Hy het vir my gesê my broer is dood."

Die paneelgesprek het afgesluit met die boodskap dat eerlike gesprekke oor die verlede noodsaaklik is om wedersydse begrip te bevorder en dat Afrikaans, as taal van uiteenlopende gemeenskappe, 'n betekenisvolle bydrae tot versoening en nasiebou in Suid-Afrika kan lewer. Heidi Erdmann, 'n kultuurpraktisyn en ondervoorsitter van die ATM-raad, het die rol van die fotojurnalis Sam Nzima belig.

Sy ikoniese foto van Mbuyisa Makhubu, 'n 18-jarige studente-aktivis, wat met Hector Pieterse, wat pas deur die polisie geskiet is, in sy arms hardloop, het een van die mees ikoniese beelde van die 20ste eeu vasgevang. Die foto het 'n kragtige simbool van die Soweto-opstande en die wêreldwye anti-apartheid-stryd geword.

Erdmann het daarop gewys dat Nzima se foto opgeneem is onder Time Magazine se 100 mees invloedryke foto's van die 20ste eeu. Die lys sluit onder meer die Amerikaanse fotograaf Carlos Moore se bekende foto in van polisiehonde wat burgerregtebetogers in Birmingham, Alabama, in 1963 aanval – 'n beeld wat 'n diepgaande invloed op die stryd teen rassiediskriminasie in die Verenigde State gehad het.

Sy het verduidelik dat Sam Nzima, deur die blootgestelde film met die ikoniese beeld uit sy kamera te haal en dit in sy sokkie weg te steek, met sy kamera "visuele getuienis gelewer het" van die dramatiese gebeure wat op daardie noodlottige dag in Soweto afgespeel het.

Sy het verder verduidelik dat die fotograaf groot teienspoed moes verduur, omdat "Sam 'n teiken geword aangesien sy werk hom sigbaar gemaak het vir die veiligheidsowerhede".

Erdmann het ook besin oor 'n ander uitdaging waarmee baie professionele persone in die kreatiewe bedryf gekonfronteer word, naamlik die onverantwoordelike gebruik van materiaal wat die intellektuele eiendom is van die professionele persone wat die werk geskep het.



ATM reik uit na Pacaltsdorp



Die Taalmuseum het op 9 April sy uitreikprogram afgeskop met 'n besoek aan Pacaltsdorp in die Tuinroete, waar die eerste aktiwiteit by Pacaltsdorp Primêr plaasgevind het. Hierdie inisiatief vorm deel van die ATM se voortgesette poging om die Afrikaanse taal en kultuur na gemeenskappe te neem wat beperkte toegang tot die museum en monument het. Die program se fokus was die gewilde "Laat ons lees"-projek, wat daarop gemik is om leerders se leesvaardighede te bevorder en hul liefde vir Afrikaans te versterk. Die projek het leerders op 'n interaktiewe en stimulerende wyse betrek, met verskeie leesaktiwiteite en taalgebaseerde speletjies wat spesifiek ontwerp is vir hul ouderdomsgroep. Altesaam 167 graad 7-leerders het met groot entoesiasme aan die program deelgeneem. Die betrokkenheid en energie van die leerders het die sukses van die dag beklemtoon en gewys hoe belangrik sulke inisiatiewe is vir die bevordering van geletterdheid en taalontwikkeling. Hierdie uitreikprojek is moontlik gemaak deur die geldelike ondersteuning en samewerking van die Afrikaanse Onderwysers Netwerk (AON) en die Historium Trust. Hul betrokkenheid verseker dat die ATM se programme 'n wyer gehoor buite die Kaapse Wynland bereik en 'n blywende impak op skole en gemeenskappe maak. Die ATM se uitreike is nie net 'n viering van die Afrikaanse taal nie, maar ook 'n belegging in die toekoms van jong leerders. Deur die "Laat ons lees"-projek word leerders aangemoedig om selfvertroue in hul taalgebruik te ontwikkel, krities te dink en hul kreatiwiteit te ontgin.

Internasionale Museumdag en -maand 2026



Die ATM het in samewerking met die Paarl-museum 'n uiters suksesvolle jeugprogram aangebied as deel van die viering van Internasionale Museumdag. Internasionale Museumdag is ingestel deur Unesco en word jaarliks op 18 Mei gevier. Tydens die program het leerders van Wellington Primêr, Langabuya Primêr en Hillcrest Primêr die geleentheid gekry om museums op 'n unieke en interaktiewe wyse te beleef. Die fokus was spesifiek op Graad 7-leerders, wat ingelig is oor die doel, waarde en belangrike eienskappe van museums binne gemeenskappe en die bewaring van ons (taal)geskiedenis en kultuurerfenis. Die leerders het die program beskryf as 'n insiggewende inligtingspakket wat nie net nuwe kennis gebring het nie, maar ook as 'n "verlengde klaskamer" gedien het. Die interaktiewe aard van die program het bygedra tot groter belangstelling in geskiedenis, kultuur en die belangrikheid van erfenisbewaring onder die jongmense.



Lief & Leed



Meegevoel met Deon en gesin

Dit is met groot hartseer dat die ATM kennis neem van die afsterwe van die geliefde eggenote van ons kollega, Deon Cyster. Nathlene Cyster is op 20 Mei 2026 oorlede en laat 'n groot leemte in die harte van haar geliefdes en almal wat haar geken het.

Deon en Nathlene was vir langer as drie dekades getroud en het saam 'n geseënde huwelik en 'n lewe vol liefde en toewyding gedeel. Uit hul huwelik is een seun gebore. Sy laat ook 'n kleinseun agter wat 'n besondere plek in haar hart beklee het en vir wie sy baie lief was.

Deon is reeds die afgelope tien jaar deel van die ATM-familie en deur die jare het Nathlene ook vir baie van ons soos familie geword. Haar vriendelikheid, warmte, ondersteuning en opregte belangstelling in ander sal met dankbaarheid onthou word deur almal wat die voorreg gehad het om

haar te ken.

In hierdie tyd van verlies betuig die ATM-familie ons opregte en innige meegevoel aan Deon, sy seun en kleinseun. Ons dra hulle op in ons gebede en vertrou dat hulle vertroosting, krag en vrede sal vind in die kosbare herinneringe wat hulle aan Nathlene koester.

Namens die bestuur en personeel van die Afrikaanse Taalmuseum en -monument wens ons Deon en sy familie troos en genade toe in hierdie moeilike tyd. Haar nalatenskap van liefde en omgee sal met waardering onthou word. - **Rodene Williams**



Anna vier 35 jaar se diens

Die ATM bring hulde aan Anna Retief wat vanjaar 'n merkwaardige mylpaal bereik deur 35 jaar van toegewyde diens aan die instelling te vier. Oor meer as drie dekades heen het sy haarself onderskei as 'n lojale, hardwerkende en passievolle spanlid

wat 'n betekenisvolle bydrae gelewer het tot die bewaring, bevordering en uitbou van Afrikaans en sy erfenis. Sedert haar aanstelling het Anna met ywer, professionaliteit en 'n hart vir mense haar verantwoordelikhede nagekom. Haar toewyding, vriendelikheid en bereidwilligheid om altyd die ekstra myl te stap, het haar 'n gewaardeerde kollega en 'n bron van inspirasie vir personeel, besoekers en die breër gemeenskap gemaak.

Deur die jare was sy deel van talle projekte, uitreikings en inisiatiewe wat die ATM se missie versterk het om die geskiedenis, ontwikkeling en diversiteit van Afrikaans aan nuwe geslagte oor te dra. Haar bydrae het gehelp om die instelling se nalatenskap te verryk en sy rol as 'n belangrike kultuur- en erfenissentrum te versterk.

Die bestuur en personeel spreek hul opregte dank en waardering uit aan Anna vir haar onwrikbare lojaliteit, toewyding en uitstekende diens. Ons hoop dat sy nog baie jare van gesondheid, vreugde en vervulling sal geniet.

Koördineerder vir besoekersdienste en geleenthede

In Mei het Heinrich von Wielligh by die Afrikaanse Taalmuseum en -monument (ATM) aangesluit as die nuwe koördineerder vir besoekersdienste en geleenthede. Hoewel hy deesdae in Wellington woon, stap hy al 'n lang pad in, om en deur die Paarl, wat ook sy geboortedorp is.

Hy het grootgeword op die plaas Pakhuisdam in Perdeberg. Sy skoolloopbaan begin hy aan die

laerskole Slot van die Paarl en daarna Hugenote. Hy matriculeer uiteindelik aan die Hoërskool Hugenote en woon al 37 jaar in Wellington. Hy studeer bemarking aan Boland Kollege in die Paarl en skakelwesebestuur aan die destydse Kaapse Technikon.



Sy werksondervinding sluit in: Restaurantbestuur, produksiebestuur, media en reklame, teaterbestuur, fotografie en geleentheidsbestuur waaronder Paarl Cultivaria, Oude Libertas-amfiteater en die TOPS at SPAR Wine Shows as hoogtepunte uitstaan.

Sy gunsteling vakansieplek is glo aan't huis by sy skoonouers in Indonesië. Heinrich sê verder Afrikaans is een van sy passies en sy doel is om aanbiedings en voetval by die ATM uit te brei.

Welkom by die ATM, Heinrich!

Lief & Leed

Totsiens aan twee staatmakers

Die ATM neem met waardering en dankbaarheid afskeid van twee gewaardeerde staatmakers, Howard Heneke (regs) en Peter Nero, wat deur die jare heen met toewyding en ywer 'n groot bydrae tot die instelling gelever het.

Howard en Peter was vir baie jare deel van die ATM-familie en het hul




werk met trots, lojaliteit, professionaliteit en 'n diep verbintenis tot die instelling verrig. Gedurende hul dienstydperke het beide mans 'n belangrike rol gespeel in die instandhouding en ondersteuning van die ATM se werksaamhede. Hul ervaring, toewyding en positiewe gesindheid het hulle gerespekteerde kollegas gemaak en hulle sal met waardering onthou word deur almal wat die voorreg gehad het om saam met hulle te werk.

Die bestuur en personeel bedank Howard en Peter, en wens hulle alle sterkte toe vir die jare wat voorlê. Mag die pad vorentoe gevul wees met goeie gesondheid, geluk en vele seëninge.



Megan Ruiters, Elsabé Pearce,
Christina Heradine en Fabian Ontong



Fabian Ontong, Deon Cyster en Michael Jonas

ATM by Wynland se herfs-ekspo

Die ATM het op 29 en 30 Mei met trots aan die Cape Winelands Autumn Expo te Worcester deelgeneem. Die geleentheid het aan die ATM die geleentheid gebied om met lede van die gemeenskap, besoekers en belanghebbendes in gesprek te tree en bewusmaking te skep oor die verskeie aanbiedings, programme en aktiwiteite van die instelling.

Tydens die tentoonstelling het ATM-personeel aktief met besoekers geskakel en inligting gedeel oor die Taalmuseum, Taalmonument, opvoedkundige programme, kulturele geleenthede en besoekerservarings. Die reaksie van die publiek was oorwegend positief. Sommiges het nostalgiese herinneringe gedeel en genoem dat hulle lanklaas die monument besoek het en graag weer daarheen wil terugkeer.

'n Besondere oomblik tydens die geleentheid was toe 'n vader sy kind na die ATM-uitstalling gebring het om te vertel van sy betrokkenheid by die opening van die Taalmonument. Hy het met trots gedeel hoe hy destyds die fakkel tydens die openingseremonie gedra het en het selfs die sertifikaat wat hy daarvoor ontvang het, aan sy kind gewys. Hierdie gesprek het die historiese en emosionele waarde van die Taalmonument vir baie Suid-Afrikaners beklemtoon.

As deel van die bemarkings- en bewusmakingsveldtog is ATM-brosjures en die jaarprogram aan besoekers uitgedeel. Dit het belangstellendes die geleentheid



gebied om meer te leer oor komende geleenthede en aktiwiteite wat deur die ATM aangebied word.

Die ATM se deelname aan die geleentheid was suksesvol en het nie net waardevolle blootstelling vir die instelling gebied nie, maar ook

betekenisvolle gesprekke met die gemeenskap moontlik gemaak. Die positiewe terugvoer wat ontvang is, bevestig die belangrike rol wat die instelling steeds speel in die bewaring en viering van die Afrikaanse taal en kultuurerfenis. - **Gershwyn Fredericks**

AFSLAGPRYSE BY DIE MONUMENT

- Verjaar jy? Toon jou geldige SA ID vir gratis toegang!
- As jy die museum in die Paarl en die monument op Paarlberg op dieselfde dag besoek, kry jy 'n R10-afslag vir die tweede besoek. Hou jou kwitansies as bewys.
- Gratis vir Drakenstein-inwoners met geldige biblioteekkaartjies op die volgende gedenkdade: Internasionale Moedertaaldag 21 Feb, Menseregterdag 21 Mrt, Internasionale Dag vir Monumente en Terreine 18 Apr, Vryheidsdag 27 Apr, Werkersdag 1 Mei, Internasionale Museumdag 18 Mei, Afrika-dag 25 Mei, Jeugdag 16 Jun, Vrouedag 9 Aug, Taaldag 14 Aug, Erfenisdag 24 Sep en Taalmonument se verjaarsdag 10 Okt.

WAARDEER DIE FASSINERENDE SIMBOLIEK BETER

- Gratis, begeleide tweetalige toere op weekdae; naweke en vakansiedae slegs as vooraf bespreek by ontvangs@taalmuseum.co.za vir 'n minimum van 20 persone.
- Gratis inligtingsbrosjures in 22 tale en oudio-toere in Afrikaans, Xhosa, Engels, Frans, Nederlands en Duits beskikbaar. Daar is ook 'n braille-weergawe.

BEKOSTIGBARE PERMITTE

- **JAARPERMIT:** Slegs R120 vir individue en R220 vir 'n gesin van vier. Dit sluit onbeperkte toegang tot die museum, monument, bistro, wandelpaaië en volmaanpieknieks in.
- **BERGFIETSRYPERMIT:** Gewone toegangsfooi per dag of jaarpermit van R220 per persoon. Laasgenoemde sluit onbeperkte toegang tot bergafbane, museum, monument, bistro, wandelpaaië en volmaanpieknieks in.
- **STAPPERMIT:** Gewone toegangsfooi en R20-deposito vir sleutel.

Volg die ATM se webtuiste en sosiale media of teken in op hul nuusbriëf om op hoogte te bly van alle geleenthede.
facebook.com/afrikaansetaalmonument
instagram.com/taalmonument
whatsapp.com/channel/0029VazPoESId7nUsOYdJD28
taalmuseum.co.za/kontak-ons/#nuusbriëf

Benoeem nou 2026 se
Fenomenale Vroue
van die Wynland



Besoek capewinelands.gov.za om gratis benoemingsvorm aanlyn in te vul of af te laai. Vorms is beskikbaar by alle kantore van Kaapse Wynland-distriksmunisipaliteit en Historium in Pastorielaan, Paarl. Of vra een aan via WhatsApp op 076 017 6026.

DIEN BENOEMINGS VOOR 16:00 OP DINSDAG, 21 JULIE 2026, IN.

Besonderhede, bepalinge en voorwaardes by capewinelands.gov.za, hul kantore, die Historium Trust asook op die vorms self.



Die Afrikaanse
**Taalmuseum
& -monument**
'n agentskap van die
Departement van Sport, Kuns en Kultuur




CAPE WINELANDS DISTRICT
MUNICIPALITY • MUNISIPALITEIT • UMASIPALA



Historium Trust
Fokus op Erfenis, Oudheid en Kulturele Verre





kultuur, natuur, plesier

'n Nag onder die sterre

51^{STE} BESTAANSJAAR
DANS

'Want elke ster vertel 'n verhaal'





SATERDAG 7 NOVEMBER 2026
PAARL-STADSAAL 18:00
R200 PER PERSOON
R2 000 PER TAFEL VAN 10
SLUIT LIGTE VERVERSINGS IN!



KAARTJIES: RODENE WILLIAMS 021 863 0543 ADMIN@TAALMUSEUM.CO.ZA 076 017 6026 (WA)

July 2026

Soweto, 50 years later

FIRST NATION NEWS **11**

Soweto dialogue opens new door for Afrikaans

IFN MEDIA REPORTER

There was an exceptional spirit of openness, honesty, healing and reconciliation that resonated from an interactive discussion, jointly convened by the Afrikaanse Taalmonument and -museum and the Hector Pieterse Heritage Centre, which reflected on the tragic events that rocked South Africa to its foundations on 16 June 1976.

The dialogue, headlined as reconciling our past, present and future, the role of Afrikaans as a trigger for this watershed uprising, correcting the untruths of its actual origins and embracing Afrikaans as an indigenous language which is part of South Africa's rich cultural and heritage legacy.

Besides Jacelyn Scott and Michael Jonas, respectively board chair and director of the ATM, and Antoinette Sithole, historian and sister of the uprising's first martyr Hector Pieterse, there were several inputs from other panelists.

These inputs probed deeply into this painful chapter while grappling with how the nation builds a cohesive culture where all our cultures and languages contribute to crafting a sustainable legacy for our country's youth.

Prince Mbusi Dube is a researcher, artist, author and chief curator of the Hector Pieterse Museum. In his presentation Dube offered a comprehensive assessment of the uprising, examining both the immediate socio-political catalysts and its long-term impact on global solidarity and domestic resistance.

His view of the events of that era is that "although the direct trigger of the uprisings was the mandatory implementation of Afrikaans as a medium of instruction in black schools, the events reflected a deep-rooted resentment against the broader Bantu education system and the structural violence of the apartheid state."

He stated that his personal engagement with Afrikaans was a "fifty-fifty, with Afrikaans as a second language" experience, which started in 1974 when he was almost out of school because he could not memorise a poem titled *Ons gaan swem*.

Dube explained that the concept of the Hector Pieterse heritage centre began in 1997 when the community of Orlando West named the area the Hector Pieterse precinct which was visited by numerous prominent personalities such as Cuban leader Fidel Castro.

Dube further explained that the museum, which is dedicated to the entire uprising of 1976 is organic and evolving and that the institution is still getting material and interviews that covers the entire period from 16 June 1976 to 24 February 1977, which marks the aftermath of that part of the struggle against apartheid.

Journalist and Khoi indigenous leader !Garu Zenzile Khoisan, one of the Cape Town youth who was part of the Cape Town uprisings in solidarity the students of Soweto, also participated in the dialogue.

Khoisan said he rejected the notion that Afrikaans was created only by the colonialists and noted that Afrikaans as a language was "like a mixed marsala".

He noted that language was "a carrier of memory, bond building, an instrument of oppression, repression, dispossession of resistance, revival and rejuvenation, as also an instrument of healing".

"Afrikaans in its essence was created first by the Khoi and the slaves as an instrument of sharing experience, an act of community and of a common human bond.

He characterised the dialogue as "part of the process of healing" in which the historical record had to be corrected because, through this we can reclaim Afrikaans as a language of love, of varying memory and as an instrument of resistance as represented in Ingrid Jonker's poem *Die Kind* and Abdullah Ibrahim's *Mannenberg is where its happening*.

Dr Rirhandzu Machaba is the Director of Terminology Development in the Department of Sport, Arts and Culture and a recognised specialist in terminology development, language standardisation and multilingualism.

Dr Machaba made the point that the Soweto dialogue was not merely a "historical milestone". She stated that this dialogue represented "a moment of critical reflection on the youth of 1976 who challenged Afrikaans as a language of exclusion."

She advised that through the work of the National Language Service the objective is to promote language "as a tool of inclusion and empowerment".

She explained that significant work had been done to promote and preserve specific languages such as those of the Khoi and the San which, she

needs to explore the "relationship between language and power".

According to Dr Frieslaar "in re-imagining Afrikaans there is a need to observe and apply the principles of inclusivity, multiplicity, participation and transparency."

Daan Potgieter, chairperson of the Afrikaanse Taalraad said he believed in the view that Afrikaans is "a language from everyone and for everyone" and in this campaign "we are all colleagues who are bound together".

Potgieter explained that this was akin to being in a vehicle which contained both elements, "the language of the oppressor and the language of the freedom fighters".

He referred to a study conducted in the Eastern Cape by former education minister Angie Motsheng, which proved that there is great benefit in mother tongue education and noted that the current movement of Afrikaans is to look for inclusivity and was not an "anti-movement".

Potgieter continued by advocating that we should create more opportunities and reflection on the challenges in many communities. He noted that



A wide variety of speakers probed deeply into the painful chapter of the Soweto 1976 uprising, while grappling with how the nation builds a cohesive culture. PIC: AFRIKAANSE TAALRAAD.

noted were "extremely endangered" and specifically noted that the Nu (San language) project represented "preserving memory and humanity itself".

Other speakers who each presented unique perspectives on memory preservation, repositioning Afrikaans, linguistic development and the role of youth in building sustainable future for language as part of nation building included archivist Dr Geraldine Frieslaar, Afrikaanse Taalraad chairperson Daan Potgieter, as also very special presentations from two high school students, Angel Mpotshane of Selelekele High School and Juandre Gerber of the Afrikaanse Seuns Skool.

Dr Frieslaar, chief archivist of the New Archival Visions at the University of the Western Cape, concentrated her remarks on research and exhibiting, specifically on the lessons from re-imagining exhibitions of the Afrikaanse Taalmonument and -monument.

She stressed that "language occupies a significant place in South Africa's cultural landscape" and that in exhibitions such as those with in the different sections of the Afrikaanse Taalmonument and monument, there is a "layered nuance" in which "exhibitions can be thought of as a disciplining of knowledge".

Dr Frieslaar also noted that within this process where there is the "politics of archiving" it is necessary to "begin at the source".

She further noted that within this process one

"we need to get to a point where we take on this challenge together".

However, beyond all the presentations on the day, it was the inputs of two high school learners Angel Mpotshane of Selelekele High School and Juandre Gerber of the Afrikaanse Seuns Skool, that most inspired hope for the future.

Angel Mpotshane noted in her presentation that the legacy of the 1976 uprising is that the "power of youth agency is profound" and said that their sacrifice underwrites the "freedom we got with blood".

She noted that the process of learning of "the students of 1976 who got up much earlier than us" is a process through which they "uncover truths" and specifically the truth of that generation "as a nation of courage".

Juandre Gerber stressed in his presentation that Afrikaans is in essence developed "as a kitchen language".

He compared Afrikaans to a character in our lives "which is like a child of many fathers" and "a mirror through which we interpret the world".

He stated that he was very positive about the future of Afrikaans and warned that this would be undermined by suppressing the language in institutions.

"As soon as Afrikaans stays in the museum and not in the hearts of people, it becomes a fossil," Gerber said.

DAGDIGKURSUS

MET

DANIËL HUGO

Kom leer meer by dié woordmeester tydens 'n interaktiewe en ondersteunende werkwinkel. Vir beginner of ervare!

- Waar kom 'n gedig vandaan?
- Klank in die digkuns
- Beeldspraak & digvorme
- Wat maak 'n gedig 'n gedig?

SATERDAG 25 JULIE 2026
9:00-15:00 TAALMONUMENT
R250 (skryfbehoeftes & ligte verversings ingesluit)

Navrae & besprekings

kommunikasie@taalmuseum.co.za
076 017 6026 (WA) | 021 872 0543

